higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

7 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die faktore van produksie is …

A kapitaal, entrepreneurskap, goedere en dienste.
B natuurlike hulpbronne, entrepreneurskap, goedere en dienste.
C goedere, dienste, arbeid en kapitaal.
D natuurlike hulpbronne, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap.

1.1.2 Geld is …

A dieselfde ding as krediet.
B wat mense interafhanklik hou.
C 'n mate van 'n rekeningkundige eenheid.
D iets wat besig is om deur ruilhandel vervang te word.

1.1.3 Die/'n … is 'n instelling wat as 'n skakel tussen verskillende partye in finansiële transaksies optree.

A Land Bank
B Suid-Afrikaanse Reserwebank
C Johannesburgse Effektebeurs
D Finansiële tussenganger

1.1.4 Die prys van Brent ru-olie word in … per vat gegee.

A Rand
B Dollar
C Euro
D Pond

1.1.5 'n Voorbeeld van 'n maatskappy wat op die AltX genoteer is:

A Sanlam
B Edcon-groep
C Gemini Garden Service
D Lynnwood-privaathospitaal

1.1.6 Nuwe effekte word in die … mark uitgereik.

A sekondêre
B primêre
C kapitaal-
D faktor-

NCV

1.1.7 'n Natuurlike eenheid wat uit lewende en nie-lewende dele bestaan wat in wisselwerking tree om 'n stabiele stelsel te vorm, is 'n …

A omgewing.
B ekostelsel.
C natuurlike hulpbron.
D instelling.

1.1.8 'n Toename in algemene prysvlakke lei tot ‘n afname in/laer … .

A koopkrag.
B besteebare inkomste.
C inflasiekoers.
D verbruikersprysindeks.

1.1.9 Taurus het R50 000,00 gespaar om vir 'n ingevoerde fiets, wat £5 000 kos, te betaal. Die wisselkoers is £1 = R14,50. Taurus het … .

A genoeg geld om vir die fiets te betaal.
B R22 500,00 te min.
C R22 500,00 te veel.
D Nie een van die bogenoemde nie.

1.1.10 Om 'n taak in die kortste moontlike tyd te voltooi, terwyl jy al die nodige hulpbronne doeltreffend aanwend, staan bekend as …

A 'n winsdrempelontleding.
B 'n knelgangontleding.
C 'n Gantt-skema.
D die produksiesiklus.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Persoonlike lenings kan verkry word om 'n huis te koop.

1.2.2 Ruilhandel word as 'n ruilmiddel beskou.

1.2.3 Gedekte banknote word as ruilmiddel in Suid-Afrika gebruik.

1.2.4 Daar is vier hoofkategorieë finansiële instrumente in die kapitaalmark.

1.2.5 'n Beermark kom voor wanneer beleggers onseker of minder selfversekerd oor die finansiële mark voel.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 'n Afname in rentekoerse dra by tot 'n toename in die inflasiekoers.

1.2.7 Droogte kan negatiewe gevolge vir 'n ekonomie hê.

1.2.8 Don is sonder 'n verhoor afgedank. Dit is 'n geval vir die Departement van Maatskaplike Welsyn.

1.2.9 Wanneer enkelvoudige rente bereken word, word die oorspronklike bedrag wat geleen is gebruik om uit te werk hoeveel rente betaal moet word.

1.2.10 Knelgangontleding is die roete deur die knelgang waar daar geen ekstra tyd in enige van die aktwiteite is nie.

(10 × 1) (10)

NCV

1.3 Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Word as standaardruilbasis gebruik	A	kapitaal
1.3.2	Natuurlike item soos plaasgrond wat gebruik word om goedere en dienste te produseer	B	markmandjie (‘market basket’)
1.3.3	Vervaardigde item soos masjinerie wat gebruik word om goedere en dienste te produseer	C	skandering
1.3.4	Produksie-aanwyser wat toon hoeveel geproduseer word	D	bruto binnelandse produk
1.3.5	Internasionale ekonomie, gekenmerk deur vrye handel in goedere en dienste	E	buitelandse valutamark
1.3.6	Verteenwoordigend van algemeen gekoopte verbruikersitems	F	geld
1.3.7	Nagaan van die makro-omgewing	G	visie
1.3.8	Doel van besigheid	H	missie
1.3.9	Internasionale mark waarin een geldeenheid vir 'n ander geldeenheid verruil kan word	I	wêreldmark
1.3.10	Geld wat in en uit die besigheid vloei	J	kontantvloei
		K	inkomste en uitgawes
		L	bruto nasionale produk
		M	natuurlike hulpbron

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE funksies van die Johannesburgse Effektebeurs (JSE). (2)

2.2 Noem DRIE redes hoekom die informele sektor ekonomies belangrik is. (3)

2.3 Definieer elk van die volgende terme:

2.3.1 Inflasiekoers

2.3.2 Wisselkoers

(2 × 2) (4)

2.4 Wat is die primêre doel van 'n entrepreneur? (1)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Wat is *ruilhandel*? (1)

3.2 Verduidelik elk van die volgende terme/konsepte:

3.2.1 Mikro-omgewing

3.2.2 Infrastruktuur

3.2.3 Boikot

3.2.4 Gedragskode

3.2.5 Privatisering

(5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 Bespreek DRIE soorte verbruikerskrediet. (3 × 2) (6)

3.3.2 Noem EEN voordeel van elke tipe verbruikerskrediet in VRAAG 3.3.1. (3)

3.4 Maak 'n tabel van VYF verskille tussen die gemengde ekonomiese stelsel en die bevelsekonomiese stelsel (lg. is ook bekend as die sentraal beheerde ekonomie/geleide ekonomie). (5 × 2) (10)

3.5 Aardverwarming kan geografiese kenmerke soos berge, mere, oseane, ens. negatief beïnvloed.


Verduidelik die impak van aardverwarming op die toerisme-industrie. (4 × 2) (8)

3.6 Noem TWEE impakte wat 'n toename in die waarde van die rand op die ekonomie sal hê. (2)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die ekonomiese aanwyser hieronder en beantwoord die vrae.



[Bron: *SA Reserve Bank Bulletin*, Maart 2011]

4.1.1 Wat was die tendens van die Suid-Afrikaanse inflasiekoers tussen 2008 en 2009? (2)

4.1.2 Noem DRIE effekte wat 'n afname in inflasie op toerisme sal hê. (3 × 2) (6)

4.1.3 Voldoen die 2011 inflasiekoers aan Suid-Afrika se 2016 inflasiedoelwit?

Motiveer jou antwoord. (2)

4.1.4 Verduidelik kortliks hoekom inflasie 'n probleem in die ekonomie is. (5 × 2) (10)

4.1.5 Watter impak sal brandstofheffings op inflasie hê? (2 × 2) (4)

4.1.6 Gee TWEE redes hoekom die regering dit tot die belasting van brandstof as 'n bron van inkomste wend. (2 × 2) (4)

4.2 Bereken die persentasie afname in wins as Maatskappy A 'n wins van R240 000,00 in die eerste kwartaal maak en die wins in die tweede kwartaal tot R228 000,00 val. (4)

4.3 Bereken die winsdrempelomset indien die vaste koste R15 000,00 is en die geweegde gemiddelde bruto winspersentasie gelyk aan 84% is. Rond af tot die naaste rand. (4)

4.4 Voltooi die omrekeningstabel hieronder ((a) (b) (c) en (d)) om die relatiewe waardes van die geldeenhede te bepaal.

Rand	R3,52	(a)	(b)	(c)	R1 760,00
VS dollars ($)	$1	$20	$100	$250	(d)

(4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Gee 'n volledige beskrywing van die akroniem VPIX (‘CPIX’). (2)

5.2 Noem TWEE bronne van inkomste vir die regering. (2)

5.3 Mnr Blom, 'n middeljarige man, het sy werk verloor as gevolg van besnoeiing. Hy het toe besluit om 'n Maxi Taxi-vervoerdiens te begin. Sy besigheidsuitgawes in die eerste maand was R3 000,00 en sy inkomste was R4 800,00.

5.3.1 Wat is die verhouding van sy uitgawes tot sy inkomste? Skryf jou antwoord in die eenvoudigste vorm neer, met 6 as die laagste/kleinste gemene faktor. (3)

5.3.2 Indien Mnr Blom sou besluit om die wins in 'n verhouding van 7:3 tussen hom en Paul te verdeel, hoeveel kry elk? (4)

5.4 Definieer elk van die volgende terme/konsepte:

5.4.1 Sondebelasting

5.4.2 Strukturele werkloosheid

5.4.3 Nie-hernubare hulpbronne

(3 × 2) (6)

5.5 Onderskei tussen die *tegnologiese* en *institusionele omgewing*, en gee 'n voorbeeld van elk. (6)

5.6 Verduidelik, in jou eie woorde, wat 'n besigheid in die informele sektor is, en gee 'n voorbeeld van 'n informele besigheid. (3)

5.7 Noem TWEE alternatiewe energiebronne wat besighede kan gebruik om elektrisiteit te bespaar. (2)

5.8 Maak 'n lys van DRIE doelwitte van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. (6)

5.9 Verduidelik kortliks hoe die konstante verandering en opgradering van tegnologie besighede bevoordeel. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 6

6.1 Libra het in Junie 2014 R20 000,00 vir 'n driejaarperiode belê. Die bank bied 20% rente op die belegging aan.

Bereken hoeveel rente sy teen die einde van die derde jaar sal verdien het, deur van die volgende metodes gebruik te maak. Toon al jou berekeninge.

6.1.1 Enkelvoudige rente (4)

6.1.2 Saamgestelde rente (6)

6.2 Indien die wisselkoers R15,00 = $1 is en 'n besigheid voer 2 500 televisiestelle teen R100,00 elk na die VSA uit. (4)

Bereken die totale bedrag wat in dollar ontvang is.

6.3 XYZ Handelaars koop parfuums en verkoop dit by 'n plaaslike mark. Die kosprys van een bottel parfuum is R370,00.

6.3.1 Bereken hoeveel 'n kliënt vir 'n bottel parfuum sal betaal indien die winsopslag ('profit mark-up') op die besigheid 28% is.

6.3.2 Bereken die verkoopprys van 'n bottel parfuum indien 10% afslag toegestaan word.

(2 × 4) (8)

6.4 Beskryf VYF maniere waarop die regering rykdom kan verdeel of armoede in Suid-Afrika kan verlig. (5 × 2) (10)

6.5 Watter effek het 'n daling in rentekoerse op die ekonomie? (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou